WEEK 6: 25-29 MEI
SKYFIES 2 – 4

Skyfie 2: Oefening. 1: Luister en lees

Audio instruksies: Reg Kliek op die audio icon, "Open link in new window" "Minimize" audio om die storie te volg

Abu Ali tel sy donkies

Eendag stap Abu Ali dorp toe om 'n paar donkies te gaan koop. Hy koop nege donkies en ry op die voorste een huis toe. Die ander donkies loop agterna.

Ná 'n rukkie sê Abu Ali by homself: "Ek moet seker maak dat al my donkies hier is." Hy draai om en begin sy donkies tel.

Hy tel net agt donkies. "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. O, gits! Waar is die negende donkie?" roep Abu Ali uit.

Hy spring van sy donkie af en soek na die negende donkie. Hy soek agter die bome en rotse, maar hy sien die donkie nêrens nie.

"Ek sal hulle weer tel," sê Abu Ali. "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege. Nou is daar nege! Die donkie het seker teruggekom!" Hy klim toe maar weer op die donkie en ry verder.

Ná 'n rukkie draai hy weer om en tel die donkies: "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. Daar's net agt donkies!"

Hy spring van die donkie af en soek weer agter die bome en rotse na die negende donkie. Hy kry die donkie nêrens nie.

Luister na die audio volg in jou teks en beantwoord die vrae op skyfie 4.



Skyfie 3: Oefening 2
Luister en Lees

Watch the YouTube clip of the English version to your story.
https://www.youtube.com/watch?v=V5WRjEbmETY

"Ek sal weer tel," sê hy. Hierdie keer is daar weer nege!
Hy klim op die donkie en ry verder.
'n Rukkie later sien Abu Ali sy vriend, Musa, langs die pad.
"Musa!" roep hy uit. "Help my om my donkies te tel, asseblief. Daar's elke keer een te min. Wanneer ek stop om hulle te tel, is daar net agt donkies, maar as ek afklim om na die negende een te soek, is hy weer daar. Dan is daar nege!"
"Wel, ek kan tien donkies sien, Abu Ali," lag Musa.
"Tien? Hoe so?" vra Abu Ali.
"Ek sien die donkie waarop jy ry en ek sien agt donkies agter jou," sê Musa.
"Natuurlik!" roep Abu Ali uit. "Ag, ek was so dom! Maar waar is die tiende donkie?"
"Hy ry op die negende donkie se rug," sê Musa, "en sy naam is Abu Ali!"

Luister en Lees eers in Afrikaans en dan kan jy na die storie in Engels luister op YouTube.

Skyfie 4: Vertaling: Begripsvrae

Vrae: Antwoord 1- 6 in sinne en 7-12 met slegs woorde.

1. Wie is die twee vriende in die storie?
2. Hoeveel donkies is daar in die storie?
3. Waar koop Abu Ali sy donkies?
4. Hoekom tel (counts) Abu Ali elke keer verkeerd (incorrectly) as hy op die donkie sit?
5. Voltooi: Abu Ali ry op die voorste / middelste / agterste donkie huis toe.
6. Voltooi: Abu Ali soek elke keer na die agtste / negende / tiende donkie
7. Gee **een woord** uit die storie vir '**stupid**' ? (sien die laaste paragraaf)
8. Gee die **engelse woord** vir **rotse:** _____
9. Gee die **Meervoud** bv. een huis baie huise vir: **naam** – _____
   (Onthou daar is 'n dubbel 'aa' wat moet verander.)
10. Gee die **Trappe van Vergelyking**: (week 1 se werk): **stadig**, _____ as en die_____.
11. Sit die **Koppelteken** (Hyphen – week 4 se werk) in die korrekte plek: **nege uur**
12. Gee die **Teenoorgestelde** (Opposite) uit die storie vir **verkoop**? (par 1) _____ (week 2 se werk)